

19 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35  
Fokusgedeelte: Lukas 24:25-35  
HK, Vraag 19

### God se ontdekkingsroete vir ons tot by Jesus Christus

Vir die twee reisigers van Emmaus moet dit darem 'n ontdekking gewees het dat hulle die opgestane Jesus gevind het! Die werklike toedrag van sake is egter dat Jesus hulle eintlik gevind het, want 'n mens kry nie vir jou 'n Middelaar nie. Hy word aan jou gegee (HK 6:18).

Hoe weet ons dit? Hoe word Hy aan ons gegee? Hierdie twee reisigers se harte het op pad warm geword, maar 'n mens se hart vertel jou nie hoe jou Middelaar gevind word nie. Dit vertel God jou. Die verrassing is dat jy nie eers na die Nuwe Testament hoef te gaan om Hom te soek nie. Jy en die twee reisigers kan Genesis lees. So het Jesus dit vir hierdie twee reisigers uitgelig (vers 27). Hy het by Moses en die profete begin en by die moeder van alle beloftes (Gen 3:15). Vervolgens bring God die aartsvaders in die prentjie. Hy wys op sy verbond, sy beloftes en sy werke (Gen 17 en 22). Ná Moses is dit die profete van Esegïel tot by Maleagi. Deur Jesaja het God miskien duideliker gespreek as deur Nahum, maar Hy het deur ál die profete sy boodskap gebring.

Daar het Jesus nie opgehou nie. Vers 27 vertel van al die Skrifte wat op Hom betrekking het, ook dit wat die Here as offerdiens en seremonies voorgeskryf het. Hebreërs 1:1 sê dat daar baie maniere was waarop God met ons voorvaders gepraat het. Die offers en seremonies van die wet het daaronder getel. God het egter nie daarby opgehou nie. In die laaste dae het Hy deur sy Seun gepraat. Alles waarvan Moses, die profete, offers en seremonies getuig het, is God se ontdekkingsroete waarop Hy ons Middelaar, sy Seun, aan ons openbaar.

*Sing: Psalm 105:5, 9 (1936-beryming)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*